# HOËRSKOOL HEIDELBERG

# X-INGELIG

Uitgawe: 4 www.hsheidelberg.co.za 20 Maart 2024

## Kalender

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag 1/04**<br>VAKANSIE | **Dinsdag 2/04** | **Woensdag 3/04**<br>**Dag 8**<br>SKOOL OPEN @ 07:30 | **Donderdag 4/04**<br>**Dag 9**<br>• Nuwe SBL - vergadering | **Vrydag 5/04**<br>**Dag 1**<br>• Saalbyeenkoms<br>• Rapporte na ouerhuise | **Saterdag 6/04** | **Sondag 7/04**<br>BID BID BID |
| **Maandag 8/04**<br>**Dag 2** | **Dinsdag 9/04**<br>**Dag 3**<br>• Gr. 4 - 12 - oueraand 17:30 - 19:30 | **Woensdag 10/04**<br>**Dag 4**<br>• HS-Hessequa netbalproewe te Riversdal (Langehoven) | **Donderdag 11/04**<br>**Dag 5**<br>• O/13 - rugby XV-tal dorpsproewe | **Vrydag 12/04**<br>**Dag 6**<br>• SA-laerskool Atletiek (Limpopo) | **Saterdag 13/04**<br>Hatties Alleen ons beste | **Sondag 14/04** |

## UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

So vinnig soos die eerste kwartaal begin het, so vinnig het dit ook ten einde gesnel. Ons kyk terug oor ‘n baie opwindende en suksesvolle eerste kwartaal en ons sê baie dankie vir elke ouer, kind, personeellid en lojale vriend wat meegehelp het tot die inisiatiewe en pragtige suksesse wat ons tot dusver bereik het. Baie dankie dat ons weet dat u die skool se belange op die hart dra.

U sal u kind se rapport op 5 April ontvang. Verseker asseblief dat u en u kind(ers) die rapport(e) deeglik bespreek. Op die gr. 10 - 12-leerders se rapporte word, bykomend tot die opmerkings, aangedui op watter vlak die leerder slaag. U moet dit soos volg interpreteer:

Slaag met hoër sertifikaat = kan nie na matriek vir ‘n meerjarige diploma gaan studeer nie.

Voldoen aan diploma-vereistes = kan na matriek vir ‘n meerjarige diploma gaan studeer.

Voldoen aan baccalaureus-vereistes = kan na matriek vir ‘n baccalaureus-graad gaan studeer.

Ingesluit by hierdie nuusbrief is die skoolkalender t.o.v. die 2de kwartaal van 2024.

Let asseblief daarop dat die laaste vakke van die Junie-eksamen op 14 Junie geskryf sal word. Tref asseblief u vakansiereëlings so dat u kind nie enige vraestelle misloop nie. Die skool sluit ook op 14 Junie. Geen leerder mag toegelaat word om vraestelle op ’n ander tyd of dag te skryf a.g.v. reis– of vakansiereëlings nie.

Baie dankie aan elkeen wat tydens die potjiekos/aandkrieket gesellig saam met ons verkeer het. ‘n Spesiale dankie aan al die kokke by die potte vir die moeite gedoen om ons te ondersteun en vir die verkoop van die kaartjies. Geluk aan BVSA, “The Babes” en Pam Miller wie se potte onderskeidelik 1ste, 2de en 3de plekke behaal het.

Heidelberg Vlakte was die trotse wenners van die aandkrieket. Dankie aan al die spanne, wat die afgelope bykans 6 weke, deelgeneem het en die aandkrieket moontlik gemaak het.

Nog ‘n groot dankie aan Bali Trading, InteliGro en Ockertskraal wat die aand se pryse geborg het. ’n Hartlike dank ook aan mnr. Hansie Saayman vir die aand se reëlings, mnr. Mitchell wat die organiseerder van die aandkrieket was en Daantjie wat die kolfblad vir ons versorg het.

Mag elkeen van u ’n geseënde Paasfees vier en mag u die vrede van Jesus ervaar. Geniet ook die vakansie met u kind(ers) tuis. Die nuwe kwartaal wag soos ‘n present met ‘n groot strik wat losgetrek moet word: propvol belowende aktiwiteite.

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

# HOËRSKOOL HEIDELBERG

# X-INGELIG

Uitgawe: 4 www.hsheidelberg.co.za 20 Maart 2024

## OUERAAND

Daar sal op **9 April (17:30-19:30)** geleentheid aan gr. 4 - 12-ouers gegee word, om onderwysers oor hulle kinders se rapporte en algehele vordering te spreek. Bywoning is vry-willig, behalwe waar daar op u kind se rapport in rooi aangedui word.

Kinders moet die ouers vergesel op die aand.

## SOMERSDRAG

Ons gaan aanvanklik die tweede kwartaal voort met die dra van somersdrag. Sodra die winter in alle erns ‘n aanvang neem, sal ons 14 dae kennis gee van wintersdrag.

## TOTSIENS JUFFROU

Vandag moet ons met ‘n baie swaar hart die legendariese, juffrou Janneke, groet. Baie dankie vir Juffrou se liefde vir ons kinders, dorp en skool. Sy los na 10 jaar diep spore in Hattieland. Baie sterkte met die nuwe hoofstuk wat Juffrou gaan aanpak. Ons gaan Juffrou baie mis.

## GEBEDSKETTING

“My krag en my sterkte kom van die Here. Hy gee my die oorwinning.” – Exodus 15: 2.

## CANSA

Dit is vir ‘n slag lekkerder om te gee as om te ontvang. Ons besef net weer hoe dankbaar ons vir gesonheid kan wees. Hatties het op 13 Maart Cansa se “Shavathon” - projek ondersteun. Ons het ‘n volle R3000 ingesamel.

## SKAAK

Baie geluk aan Lisakhanya Fumanisa (o/15) wat Eden-kleure verwerf het. Sy neem die vakansie, 22 Maart, aan die hoërskool-proewe te Genadendal deel. Ons is baie trots op haar.

## HEIDELBERG BIB

Heidelberg Biblioteek ver-skaf ‘n propvolle vakansie-program om leerders vanaf **25 - 28 Maart** om 10:00 - 11:30 te vermaak. Toegang is gratis.

## KLASFOTO’S

Neem asb. kennis dat klasfotobestellings **Vrydag, 3 Mei,** sluit.

## TENNISDINGE

Die laerskool het hierdie kwartaal twee tennis-wedstryde gespeel. Op 15 Februarie het ses seuns en ses dogters teen Rûens Kollege gaan speel. Dit het beter met die dubbels as met die enkels gegaan. Dit was steeds vir die spelers ‘n heerlike tennis-uitstappie. Op 29 Februarie het hulle tuis teen Laerskool Ashton gespeel. Alhoewel ons verloor het, het elke speler met ‘n glimlag van die baan afgekom. Elke spanspeler het hierdie kwartaal ‘n speelbeurt gekry. Dit is goed om te sien hoe spelers na elke wedstryd verbeter.

## SPICE IT UP!

Dit is weer tyd vir ons baie gewilde spesery-fondsinsamelingsprojek in samewerking met Ockertskraal. Daar sal nie ‘n meer ideale Vadersdag-geskenk wees nie! Leerders ontvang vandag bestelvorms en daar is groot pryse op die spel. Ons vra asb. almal se ondersteuning vir hierdie projek.